BenguFarm™

ADVANCED LIVESTOCK MANAGEMENT SOFTWARE

BEEF · GAME · SHEEP · GOATS · PIGS · GENETICS

Nuusbrief 2/2023

27 Junie 2023

In hierdie Nuusbrief:

- **Nuwe opgradering beskikbaar**
- **Nuwe Mobile toep opgradering beskikbaar**
- **Wat is nuut in die nuutste opgradering?**
- **Nuwe handleidings beskikbaar**
- **Henriëtte Swanepoel (nee Labuschagne)**
- **Wie om te kontak vir ondersteuning / hulp**
- **Is jou BenguFarm data veilig?**
- **Opleidingskursusse**

Om die Engelse weergawe asook vorige nuusbriewe te sien, gaan na www.bengufarm.co.za > Downloads > Newsletter.

Nuwe Opgradering – BenguFarm BEEF, SHEEP & GOATS, GAME en PIGS

Daar is die afgelope ses maande talle nuwe funksies en verslae ontwikkel. Sien Wat is Nuut? hieronder vir meer inligting.

Installeer asseblief die nuwe opgradering (v27 Junie 2023) om te verseker dat jy al die nuwe en verbeterde funksies en verslae in BenguFarm kan gebruik en die meeste waarde uit jou program kan kry.

- **Om jou BenguFarm te opgradeer met die web-opdaterings funksie in BenguFarm**, gaan, terwyl jou rekenaar aanlyn is, in BenguFarm na **Lêer > Opgradeer vanaf Web** en volg die instruksies.
- Indien jou BenguFarm-weergawe nog *vóór* v16 Jul 2018 is (die weergawe datum word bo-aan die BenguFarm hoofskerm vertoon), kontak jou BenguFarm agent vir hulp om die nuwe weergawe te installeer.

Nuwe Opgradering – BenguFarm MOBILE toep

Installeer asseblief die nuwe opgradering (v27 Junie 2023) om te verseker dat jy al die nuwe en verbeterde funksies kan gebruik en seker te maak dat dit sal sinchroniseer met die hoofprogram.

- Maak eers seker dat jy die nuutste weergawe van die module BEEF/SHEEP & GOATS/GAME geïnstalleer het – sien hierbo.

- **BenguFarm MOBILE vir Android**: Regs bo-aan die BenguFarm Mobile se hoof kieslys, druk op die drie kolletjies en kies Kyk vir Opgradering / Check for Update **OF** gaan op die Android foon / tablet na www.bengufarm.co.za > Downloads > Updates. Laai af en installeer die v27 Junie 2023 weergawe van BenguFarm MOBILE vir Android.
- **BenguFarm MOBILE vir Apple**: 'n Apple selfoon of tablet sal outomaties die nuutste opgradering aflaai en installeer.

Wat is nuut in die nuutste opgradering?

All modules:

- Belangrik: Sekere hoof kieslys items name is verander en aanteken-skerms geskuif:
  - **Produksie** (was Gewigte, Mates, Prestasietoetsing en Teelwaardes)
  - **Verskuiwings**
    - Aankope (was onder Ander Data)
    - Verskuif Diere na 'n Ander Kamp of Groep (was onder Ander Data)
    - Verskuif Diere na 'n Ander Plek (was onder Ander Data)
    - Verskuif Diere na 'n Ander Kudde (was onder Ander Data)
    - Verkope, Vrektes en Uitskotte (was onder Ander Data)
  - **Gesondheid** (Was Siektes, Voorkoming en Behandeling)
  - **Voeding** (nuwe kategorie en nuwe skerms)
    - Voer en Lek Voorraad (was voorheen deel van Diverse Voorraad)
    - Voer en Lek Uitgesit per Kamp (was voorheen deel van Kamp Aktiwiteite)
- Belangrik: Sekere verslae kategorieë se name en volgorde is verander:
  - Dier, Stamboom en Nageslag
  - **Reproduksie** (was Dekkings, Dragtigheid en Kalwings / Lammings
  - **Produksie** (was Gewigte, Mates, Prestasietoetsing en Teelwaardes)
  - Kampe, Groepe en Kuddes (was Kampe en Kuddes)
  - Dier Lyste en Getalle
  - **Gesondheid** (Was Siektes, Voorkoming en Behandeling)
  - **Voeding** (nuwe kategorie)
  - Inspeksie en Seleksie
  - Aankope, Verkope, Vrektes en Uitskotte
  - Ander Verslae
  - My Verslae
  - Administrasie
  - Kudde Ontleding
- Belangrik: Unistel DNA lab se diensaanvraagvorm verander na nuwe uitleg.
- Belangrik: Diverse Voorraad skerm: 'n Funksie "Verander na Voer en Lek Voorraad" is bygevoeg om voer en lek voorraad wat oorspronklik aangeteken is as Diverse Voorraad te skuif na die nuwe Voer en Lek Voorraad.
- Belangrik: Die interne parasiete eiertellings van mismonster ontledings kan nou aangeteken word by Gesondheid > Siekte**- en Parasiet** Toetse.
- Siektes, Beserings en Behandelings skerm: Opsie is bygevoeg om die veld "Datum Gesond" te kan afskakel, vir gevalle waar die dier nog nie gesond is op datum van behandeling nie.
- Opstellings > Redes vir Verkope, Vrektes en Uitskotte: 'n "In Gebruik" kolom is bygevoeg sodat items wat nie van toepassing is nie, afgeskakel kan word.
- Hoofskerm > Kudde Uitleg:
  - Verkope en Vrektes: Kolomme vir Rede en Verlies bygevoeg.
  - Vader *Naam* en Moeder *Naam* kan nou ook vertoon word.
  - Notas kan nou ook vertoon word.

- Hoofskerm > Dier Uitleg > Algemeen opkykskerm: Opmerkings aangeteken by verkope en vrektes word nou ook vertoon.
- Hoofskerm > Dier Uitleg > Foto Blaaier: Die diere se *name* word nou ook by al die fotos vertoon.
- Bestaande Dekkings verslag:
    - Opsie by kriteria bygevoeg om te filter volgens Dekking Tipe (Natuurlike Dekking, KI, Embrio Inplanting).
    - Opsomming van aantal vroulike diere gedek per bul of bul groep bygevoeg.
    - Die opsomming word nou gegee per bul / ram asook per Tipe Dekking.
- Aankope verslag: Prys/kg kolom is bygevoeg.
- Verkope, Vrektes en Uitskotte verslag: Opsie om diere te sorteer op Rede uit Kudde is bygevoeg.
- Verse en Koeie vir Dragtigheid aantekenlys: Opsie bygevoeg om die verslag te kan skep sonder daar dekkings aangeteken is vir die koeie/ooie wat per hand gekies word.
- Verslae > Voeding: Voer en Lek Uitgesit per Kamp verslag bygevoeg.
- Diere > Soek Dier: Kan nou soek op gedeelte van 'n nommer en ook op ID No.
- Kies Diere skerm: Indien die Soek Dier lys oopmaak, vertoon dit nou saam met die ID No en Rek No ook die dier se EID.
- Opstellings > Redes vir Verkope, Vrektes en Uitskotte: 'n Kolom "In Gebruik" is bygevoeg om redes nie gebruik word nie te kan afskakel.
- 'n Hulp funksie is nou beskikbaar op die Lek en Voer Uitgesit per Kamp skerm en die Hulp funksie op verskeie skerms uitgebrei.
- Koppel Diere aan 'n Groep funksie: 'n Opsie "Beskou Verskuiwings" is bygevoeg links onderaan die skerm om te vertoon watter en hoeveel diere geskuif gaan word.
- Data Stuur / Trek In > Trek In > Databasis > Oop Lêerformaat (CSV): Generiese intrek van eienskappe bygevoeg, bv. om temperament, liggaamslengte, ens. in te trek, kies by betrokke "Data in Hierdie Kolom Gestoor" die "Liggaamsmate: Ander Eienskap" opsie en spesifiseer dan by "Gekoppelde Eienskap" vir "Temperament", "Liggaamslengte", of watter eienskap ookal.
- Diere Gesien verslag: 'n Kies Diere ("K") kolom en Koppel Diere aan Groep funksie is bygevoeg.
- Dieropsomming verslag: Die dier se Naam word nou ook bo-aan die verslag vertoon.
- My Verslae > Verslag Kolomme (Uitleg) > Geboorte: 'n Veld "Dek Bulle" is bygevoeg. Dit maak dit moontlik om 'n verslag te skep waar, in die geval van 'n multi-bulle dekking, gesien kan word watter bulle die moontlike vader is.

Beef en Sheep & Goats modules:

- Data Stuur / Trek In > Tru-Test XR5000 Integrasie > Trek data vanaf Skaal In: Die aantal diere in die geselekteerde sessie wat ingetrek moet word asook die gemiddelde gewigte van alle diere in die sessie word nou onderaan die skerm getoon. Die aantal diere wat geselekteer is, word ook getoon.
- Hoofskerm > Dier Uitleg > Gewigte opkykskerm: 'n Funksie is bygevoeg om kolomme vir punte en mates te vertroon langs die gewigte. Kliek op die "Spanner" ikoon bo regs op die gewigte tabel. 'n Opsie skerm maak langs die gewig tabel oop. Kies die mates wat jy wil vertoon. **Let wel**: Slegs die mates wat op die betrokke weegdatums val sal vertoon word.
- Toevoegings > Voerkraal Bestuurder: 'n "Verander Diere" funksie is bygevoeg onderaan die skerm om die gekose diere oop te maak in die Verander Diere skerm.

Beef module:

- Belangrik: Hoofskerm > Kudde Uitleg: Myostatin toetsresultate kan nou vertoon word op die hoofskerm se Kudde Uitleg
- Belangrik: Data Stuur/Trek In > Logix Direk > Vergelyk BenguFarm BEEF en Logix Kuddes Lyste: 'n Opsie "Sluit Diere in Toekoms Uit" is bygevoeg om diere te kies wat jy nie in die toekoms in die vergelyking wil sien nie.
- Trek DNA Ouerskappe In skerm: 'n "Kies" kolom en "Koppel Diere aan 'n Groep" funksie is bygevoeg om, nadat data ingetrek is, diere waar die vader steeds onbekend is te koppel aan 'n groep.

Sheep & Goats module:

- Belangrik: Opsies is bygevoeg om op die hoofskerm se Kudde Uitleg [Vertoon Opsies > Vertoon Spesifieke Skeer Nr] en op My Verslae te kan kies watter skeernommer se data vertoon moet word.

Game module:

- Hoofskerm > Vertoon menu: Die Horingmates opkykskerm op die Dier Uitleg kan nou afskakel word.

Mobile toepassing ("app"):

- Belangrik: Voer en Lek Uitgesit / Feed and Lick put Out aantekenskerm bygevoeg.
- Belangrik: Die "Notas" veld is nou beskikbaar op die Kalwing en Lamming skerms.
- Algemene Vookoms opmerkings kan nou by die Algemeen skerm opgekyk word asook as deel van die Notas invoerskerm aangeteken word.
- Inspeksie opmerkings is verander na 'n multi-kies lys sodat 'n onbeperkte aantal opmerkings ingevul kan word. Dis in teenstelling met vroeër waar daar slegs vyf opmerkings velde was.
- Lotnommer kan nou opgekyk word op die Algemeen opkykskerm.

Genetics module:

- Geen GENETICS-spesiieke ontwikkeling is gedoen nie.

Nuwe handleidings

Die handleidings van die BEEF, SHEEP & GOATS en GAME modules asook die MOBILE toep is opgedateer om al die nuwe en verbeterde funksionaliteite en verslae in te sluit. Om die nuutste weergawe van die betrokke BenguFarm handleiding af te laai, gaan in BenguFarm op die hoofskerm na Hulp > Afrikaanse/Engelse Handleiding OF gaan na www.bengufarm.co.za > Downloads > Manuals.

Henriëtte Swanepoel (nee Labuschagne)

Soos almal waarskynlik reeds weet, het Naomi Havenga einde 2022 afgetree en Henriëtte Labuschagne is in haar plek aangestel. Henriëtte is op 22 April getroud met Theron Swanepoel wat in die Suid-Vrystaat met Merinos boer. Sy gaan egter voort met haar werk om registrasies van programme te doen en navrae rakende hernuwings fakture te hanteer. Sy bied ook ondersteuning aan BenguFarm kliënte van Leslie Bergh wanneer hy nie beskikbaar is nie. Henriëtte se e-pos adres is henriettelabuschagne1@gmail.com en haar selnommer 071 541 4736.

Wie om te kontak vir ondersteuning / hulp?

NEEM ASSEBLIEF KENNIS

Kliënte word vriendelik versoek om NIE direk vir Tim Pauw te kontak vir ondersteuning / hulp met BenguFarm NIE, aangesien dit baie van sy tyd wat hy aan ontwikkeling van die sagteware moet bestee in beslag neem en tot gevolg het dat belangrike ontwillelingswerk dan agter weë bly. Kontak asseblief jou toegekende BenguFarm agent of, indien dit dringend is en jou agent nie beskikbaar is nie, 'n ander BenguFarm agent. Soos reeds hierbo genoem, bied Henriëtte ondersteuning aan BenguFarm kliënte van Leslie Bergh wanneer hy nie beskikbaar is nie. Jou agent sal jou na Tim verwys indien die agent nie in staat is om om die betrokke probleem op te los nie. Jy word verder daarop gewys dat die info@benguelasoft.co.za adres bedoel is vir algemene navrae vanaf voornemende kliënte. Bestaande kliente moet asseblief hul BenguFarm agent se persoonlike epos adres gebruik. Die agente se kontakbesonderhede is beskikbaar op die BenguFarm webwerf.

Is jou BenguFarm data veilig?

BAIE BELANGRIK!

- **Die BenguFarm databasis, fotos, ens. word NIE in die "cloud" gestoor NIE, dit word op die rekenaar self gestoor.** Dit beteken dat, indien die BenguFarm databasis korrup raak (dit gebeur deesdae dikwels as gevolg van beurtkrag) , die rekenaar gesteel word of die hardeskyf beskadig word of 'n virus die rekenaarlêers beskadig, die BenguFarm data, ens. verlore sal wees.
- **Maak gereeld 'n rugsteun van jou BenguFarm databasis(se), ens. en stoor die rugsteun op 'n veilige plek in die "cloud"** soos Dropbox / GoogleDrive / OneDrive en/of 'n eksterne hardeskyf of geheuestokkie ("memory stick"). Bêre hierdie eksterne hardeskyf of geheuestokkie apart van jou rekenaar op 'n veilige plek.
- **Om die verstek plek waar rugsteun lêers gemaak word te verander**, gaan na Opstellings > Kuddes > Verstek Gidse vir Lêers > Verstek Gids waarnatoe Rugsteunlêers gemaak sal word. Kontak gerus jou BenguFarm agent indien jy hulp nodig het om dit op te stel om die rugsteun in die "cloud" te stoor.
- **Om 'n rugsteun te maak**, gaan na Lêer > Rugsteun en Herstel. Onder die hofie Maak 'n Rugsteun, kies die tipe data (Databasis(se), Gestoorde Verslaguitlegde, Fotos & Dokumente) waarvan jy 'n rugsteun wil maak. Onder die hofie Maak Rugsteun In, kies die plek waar jy die rugsteun lêer wil stoor. Kliek aan die regterkant op Rugsteun om die rugsteun te maak.
- By Opstellings > Kuddes > Herinneraars kan jy opstel om herinner te word om gereeld 'n rugsteun te maak.

Opleidingskursusse

Ken jy en jou personeel die BenguFarm program goed genoeg om dit ten volle te benut vir dag-tot-dag bestuur, seleksie, teling en bemarking? Indien nie, oorweeg dit dan om een van die volgende BenguFarm opleidingskursusse by te woon of te laat bywoon deur jou personeel:

BEEF en SHEEP & GOATS modules gekombineerde kursusse:

- Inleidende kursus 11-12 Julie 2023, Cradock. Aanbieding in Afrikaans / Engels.
- Gevorderde kursus 13-14 Julie 2023, Cradock. Aanbieding in Afrikaans / Engels.
- Inleidende kursus 25-26 Julie 2023, Paarl. Aanbieding in Afrikaans.
- Gevorderde kursus 27-28 Julie 2023, Paarl, Pretoria. Aanbieding in Afrikaans.
- Inleidende kursus 15-16 August 2023, Pretoria. Aanbieding in Afrikaans.
- Gevorderde kursus 17-18 August 2023, Pretoria. Aanbieding in Afrikaans.
- Inleidende kursus 19-20 September 2023, Pretoria. Aanbieding in Engels.
- Gevorderde kursus 21-22 September 2023, Pretoria. Aanbieding in Engels.
- Inleidende kursus 17-18 Oktober 2023, 2023, Bloemfontein. Aanbieding in Afrikaans.
- Gevorderde kursus 19-20 Oktober 2023, Bloemfontein. Aanbieding in Afrikaans
- Inleidende kursus 21-22 November 2023, Pretoria. Aanbieding in Afrikaans.
- Gevorderde kursus 23-24 November 2023, Pretoria. Aanbieding in Afrikaans.

GAME module:

- Kontak asseblief vir Leslie Bergh by 082 801 2026 of bengufarm@gmail.com indien jy belang stel in opleiding.

Indien jy belang stel om een van hierdie kursusse self by te woon of van jou personeellede te stuur, kontak Mnr. Leslie Bergh by 082 801 2026 of stuur 'n epos na bengufarm@gmail.com en dui aan in watter kursus jy belang stel. Hy sal dan vir jou die betrokke kursus se besprekingsvorm met die besonderhede van die kursus stuur. Die besprekingsvorms is ook beskikbaar by www.bengufarm.co.za > Training.

Indien jy belang stel in aanlyn opleiding of individuele opleiding of ‘n kursus in ‘n ander streek, kontak ons sodat ons kan bespreek watter opleidingsopsie die beste is vir jul behoeftes.

oooOOOooo